

22

DIE BERGPREDIKASIE Gee sonder om terug te verwag

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet ons doen goed vir ander mense sonder om iets terug te verwag.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet verstaan –

- wat Jesus in die bergpredikasie gesê het.
- dat ware barmhartigheid beteken om te gee sonder om iets terug te verwag.
- wat dit beteken as die linkerhand nie weet wat die regterhand doen nie.
- dat ons vir ander lief is omdat God ons liefhet.

Gesindheid

Die kinders moet graag barmhartigheid aan ander wil bewys.

Vaardigheid

- Die ouers en kinders moet bespreek hoe barmhartigheid betoon kan word.
- Die kinders moet die een of ander barmhartigheidstaak in die gemeenskap kan doen.

MEER INLIGTING (Matteus 6: 1-4)

Jannie en Sannie was boetie en sussie. Hulle was lief vir mekaar, maar soos boeties en sussie maak, het hulle soms ook baklei.

Eendag roep Sannie vir Jannie: *Jannie, Jannie, kom help my asseblief!* Jannie vra: *Wat is dit, Sannie?* Hy kyk na 'n storie op televisie en het regtig nie lus om vir Sannie te gaan help nie.

Asseblief Jannie, Pappa kom nou-nou van die werk af en dan gaan hy baie kwaad wees vir my.

Ai tog Sannie, wat het jy nou weer aangevang? vra Jannie. Sannie klink maar bietjie bang. Ek het die blik met koekies van die boonste rak in die spens afgehaal, toe stamp ek daardie blik van Pappa om. Die blik met al die skroefies en klein goedjies daarin. Dit het nou die hele spens se vloer vol gerol, onder die rakke in. Asseblief, ek kan nie alles alleen optel nie, pleit Sannie.

Ag tog Sannie, laat ek jou maar kom help. Ek wil nie dat Pappa met jou raas nie. Jy weet mos jy mag nie die blik met koekies alleen afhaal nie, sê Jannie vies en stap spens toe. Ek weet, Jannie, sê Sannie met 'n flou stemmetjie, maar ek was so lus vir 'n koekie.

Jannie gaan sit saam met Sannie en hulle tel al die skroefies en spykertjies op wat Pappa in die blik bêre. Dit voel vir hulle of daar honderde is en of dit diep onder elke rak ingerol het. Maar uiteindelik is alles opgetel.

Maar hoe kry hulle die blik weer terug? Gelukkig is Jannie 'n bietjie groter as Sannie en is die blik nie te swaar nie. Hy staan op 'n stoel en sit die blik terug. *Daar's hy, Sannie, Pappa sal nou nie meer kwaad wees vir jou nie. Alles is weer opgetel. As hy dit self moes optel na werk, sou hy baie kwaad gewees het. Sannie voel nou sommer baie beter. Baie dankie, Jannie, sê sy.*

Daardie aand, net nadat hulle geëet het, sê Mamma: *Jannie en Sannie, dit is vanaand julle beurt om skottelgoed te was. Jannie, jy moet was en Sannie kan afdroog.* Hulle sê albei *Reg, Mamma*, maar toe hulle in die kombuis is, sê Jannie: *Sannie, jy skuld my 'n guns. Ek het jou vanmiddag gehelp, nou is dit jou beurt om my te help. Jy moet vanaand die skottelgoed was én afdroog.*

Aikona Jannie, sê Sannie. Mamma het gesê jy moet was en ek moet afdroog. Ek gaan vir Mamma sê jy wil nie was nie. Jannie is baie kwaad. Ek sal jou nooit weer help nie! skreeu hy. Jy is 'n simpel meisiekind!

Nou is altwee kwaad en hulle skreeu op mekaar. Mamma hoor die geskreeu en kom vinnig kyk: *Wat gaan aan? vra sy. Hoekom baklei julle?*

Jannie is amper in trane so kwaad is hy. *Mamma, ek het vanmiddag vir Sannie gehelp, en nou is dit haar beurt om my te help. Nou wil sy dit nie doen nie! Sannie sê: Dit is nie regverdig nie, Mamma. Hy het my net gehelp om die skroefies op te tel. Hierdie werk is baie moeiliker as dit.*

Wag julle altwee, sê Mamma rustig. Was nou eers klaar, Jannie, en droog alles af, Sannie. En as ons vanaand Bybel lees, sal ek met julle praat oor wat hier gebeur het.

Die aand lees Mamma vir hulle die stukkie uit Matteus 6: 1-4 waar Jesus gesê het dat as jy vir ander mense iets doen, moet jy dit nie doen om gesien te word nie, of sodat hulle vir jou iets kan terug doen nie. Jy moet dit doen omdat jy lief is vir hulle en graag iemand wil help wat jou hulp nodig het.

Toe sê Mamma: *Jannie, Sannie het vanmiddag jou hulp nodig gehad en jy het haar gaan help. Dit is baie mooi. Jy is mos lief vir jou sussie? Jannie loer vies na Sannie, maar dan sê hy stadig: Ja Mamma, seker maar.*

As jy weer hulp nodig het, sal Sannie jou sekerlik ook help. Maar nie net omdat jy haar gehelp het nie. Nè, Sannie? As 'n mens help, dan help jy omdat iemand jou nodig het en omdat jy graag wil help. Nie om iets terug te kry nie.

Maar Mamma, ek het haar hulp nodig gehad met die skottelgoed, sê Jannie. Nee Jannie, sê Mamma, jy was net nie lus daarvoor nie en jy het gedink sy skuld jou. Jy het nie regtig haar hulp nodig gehad nie. Is dit nie so nie? Maar as jy regtig haar hulp nodig gehad het, sou sy jou gehelp het omdat sy lief is vir jou.

Ja Mamma, dit is seker so.

So moet ons ook by Jesus leer dat ons so lief moet wees vir mekaar dat ons altyd graag sal help as iemand ons hulp nodig het. Maar ons mag nie help sodat mense ons kan raaksien, of sodat hulle moet dink ons is oulik nie. Ook nie sodat hulle weer iets vir ons kan doen nie. Ons moet help omdat ons lief is vir mekaar en omdat Jesus dit van ons verwag, net soos wat God ons help as ons Hom nodig het.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Vind by die dominee uit wie tuis, in die ouetehuis of in die hospitaal siek is en by wie julle Sondag besoek kan gaan aflê.
- Twee of drie besoeke is genoeg, maar nie meer as een besoek vir elke kind wat daar is nie.
- Indien die dominee saam met julle kan gaan, reël dit vooraf met hom of haar.
- Reël met die ouers dat daar genoeg vervoer is.
- Reël met die dominee om klas aan te bied indien moontlik.
- Reël voor die tyd met die betrokke gesin waar daar siekte is. As julle ouetehuis of hospitaal toe gaan, reël voor die tyd met die verantwoordelike persone by die instansie dat julle mag kom.
- 'n Blommetjie as dit 'n vrou is, of iets klein om te eet as dit 'n man of 'n kind is wat besoek gaan word.

KOM ONS BEGIN

- Lees Matteus 6: 3, waar Jesus sê: *Nee, as jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie.*
- Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat hulle die prent in hul boeke vir mekaar wys.
- Kontroleer of hulle die volgende vrae kan beantwoord en die versie ken:
 - Wie het vir Maria vertel dat sy 'n baba gaan kry? (*Die engel Gabriël.*)
 - Na watter stad het hulle gegaan om getel te word? (*Betlehem.*)
 - Waar het hulle geslaap en is die baba gebore? (*In 'n stal.*)
 - Waar het Maria die baba neergelê? (*In 'n krip.*)
 - Vir wie het die engel in die oop veld vertel dat die baba gebore is? (*Skaapwagters.*)

- Hoe het die sterrekykers geweet die baba is gebore? (*'n Vreemde ster het verskyn.*)
- Watter geskenke het hulle vir die baba gegee? (*Goud, wierook en mirre.*)
- Wat was hierdie baba se naam? (*Jesus.*)
- Wie het ons van ons sonde kom verlos? (*Jesus.*)
- Waaraan moet ons heel eerste op Kersfees dink? (*As ons op Kersfees geskenke kry, moet dit ons laat dink aan Jesus. Hy is God se groot geskenk aan ons.*)
- Op Kersfees moet ons vir God dankie sê vir sy groot geskenk.
- *Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehag het.* (Lukas 2: 14)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Laat die dominee die klas aanbied as dit so gereël is, of doen dit self.

Sluit aan by die versie wat met die opening gelees is en vra of hulle weet wat dit beteken dat jou linkerhand nie moet weet wat jou regterhand doen nie. Verduidelik dit vir hulle. Verduidelik dat as 'n mens iets vir arm mense of mense met probleme doen, jy dit nie vir almal vertel nie. Niemand moet eintlik eens daarvan weet nie. Daarom, as jy dit met jou regterhand gegee het, moet jou linkerhand dit nie eens weet nie. So hou jy dit geheim. Maar hoekom moet 'n mens dit geheim hou? Die les sal dit verduidelik.

IETS INTERESSANT

Gebruik die storie van MEER INLIGTING en vertel dit net so aan die kinders.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by hulle in:

- As jy iemand wat hulp nodig het gehelp het, moet jy nie iets terugverwag nie.
- Ons help nie ander mense sodat hulle weer vir ons iets moet doen nie.
- Jesus het ons geleer ons help mekaar omdat ons lief moet wees vir mekaar.
- Jou linkerhand moet nie weet wat jou regterhand doen nie. Dit beteken ons help mekaar nie om gesien te word of om iets terug te kry nie.
- Die Here verwag dat ons mekaar moet liefhê. Daarom help ons almal wat hulp nodig het.

IETS OM TE DOEN

- Verduidelik aan die klas dat daar baie mense is wat ander se hulp nodig het. Mense wat arm is en nie kos het nie, mense wat siek is, of alleen is, of oud is.
- Verduidelik dat julle vandag na iemand toe gaan wat julle hulp nodig het. Julle gaan vir daardie persoon wat alleen of siek is kuier om hom of haar op te beur. Daarom gaan julle ook 'n blommetjie of iets om te eet saamneem.
- Elke kind gaan tydens die besoek die geleentheid kry om vir een of meer pasiënte 'n blommetjie of iets te ete uit te deel.
- Maak seker dat elke kind 'n blommetjie of iets te ete het om uit te deel.
- Vertrek saam met of sonder die dominee en gaan doen die siekebesoek by die mense met wie gereël is.

- Reël met elke kind wanneer hy of sy hul blommetjies of eetgoedjies gaan uitdeel.
- Die dominee of jyself neem leiding by elke besoek.
- Wie ook al die gebed by die pasiënt doen, moet maklik verstaanbare taal gebruik sodat die kind dit kan verstaan.
- Na die besoek word die kinders afgelaai waar met hul ouers gereël is.
- Afsluiting word nou reeds gedoen.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle met hul ouers gaan gesels oor die besoek wat hulle afgelê het.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- *Jou linkerhand moet nie weet wat jou regterhand doen nie* beteken ons help mekaar nie om gesien te word of om iets terug te kry nie.
- Die vrae en antwoorde vir volgende week se vasvrakompetisie.

Baie belangrik:

- Laat hulle die feite by Les 22 gaan leer vir volgende week se vasvrakompetisie.
- Die dominee, kategeesehoof en kategete moet met Les 24 by grade R, 1, 2 en 3 as vertrekpunt besluit hoe Kersfees by hierdie grade prakties “gevier” gaan word. Die volgende moontlikhede kan oorweeg word:
 - Die hele fase (graad R tot graad 3) neem vanjaar saam aan die rolspel van een graadgroep deel, volgende jaar die ander groep s'n totdat al die grade 'n beurt gehad het.
 - Elke graad doen sy eie rolspel en pas aan by praktiese omstandighede.
 - Gebruik eie inisiatief en reël na goeddunke.

AFSLUITING

Daar is reeds afgesluit.